# INHEEMSE BOME VIR DIE TUIN

P.C. Zietsman


## KAREEBOME

**Nanabessie, Wild Currant** ***Rhus dentata***
Die nanabessie het oor die algemeen 'n struikagtige groeivorm, maar in sommige gebiede word dit 'n boom van tot 6 m hoog. *R. dentata* kom in al vier die provinsies voor. Die uiteenlopende habitatte waarin die boom voorkom, kan wissel van 'n berghang in die Karoo tot langs 'n waterstroom in die Drakensberge.


Die nanabessie se blare is tipies dié van die meeste *Rhus*-spesies. Elke blaar is onderverdeel in drie blaartjies waarvan die middelste een langer as die ander twee is. Die blaartjies is aan die onderkant ligter van kleur as aan die bokant. Veral opvallend is die redelike lang hare wat op die prominente hoof- en syare aan die onderkant van die blaartjies voorkom. Dié eienskap wissel egter tussen individuele bome en die blare varieer van totaal haarloos tot baie harig.

Klein geel-groen blomme met 'n soet reuk word van September tot November in trosse gedra. Die ronde bruin-rooi vruggies wat in Desember gedra word, vertoon baie kleurvol saam met die nuwe koperkleurige blare. Die vrugte is eetbaar, maar word byna slegs tydens droogtes op groot skaal deur die swart volk benut.

Die boom is in 'n redelike mate bestand teen ryp en droogte en sy grootte en vorm maak hom 'n goeie keuse vir die tuin.



Nanabessie, *Rhus dentata*




Suurtaaibos, *Rhus macowanii*

**Suurtaaibos, Sour Taaibos** ***Rhus macowanii***
Die suurtaaibos kom in die oostelike gedeeltes van die Republiek voor en word in al vier die provinsies aangetref. In die Vrystaat is die verspreiding van dié boom beperk tot die noord-oostelike gebied.

Die groeivorm van die suurtaaibos varieer van struikagtig tot bome wat selfs so hoog as 9 m kan word. Die takke van die bome is neerhangend en die blare het 'n satynagtige voorkoms. Die blare is tiperend van die *Rhus*-spesies maar mag soms vier of vyf blaartjies per blaar hê. Die bearing van die eiervormige blaartjies is dikwels duidelik sigbaar aan die onderkant.

Klein geel blommetjies word van Desember tot April in trossies van tot 4 cm lank gedra. Die vrugte word van Januarie tot Junie gedra en verkleur van geel-groen na rooi as dit ryp word. Die groeivorm van die boom, sowel as die redelike bestandheid teen ryp maak hom 'n geskikte boom vir die tuin.

*R. macowanii* kan maklik met *R. pyroides* verwar word, maar verskil opmerklik van laasgenoemde daarin dat dit nie stingeldorings het nie.




Taaibos. *Rhus pyroides*

**Taaibos**:*Rhus pyroides*
Die taaibos kom in 'n groot verskeidenheid uiteenlopende habitatte voor en kom in die Vrystaat algemeen op klipkoppies en langs dreineringslyne voor.

Die groeivorms wissel van struikagtig tot groot spreidende bome. Die blare is tipies drieledig en jong blare het soms fyn haartjies op. Die bas van die stam en ou takke is donker bruin en dié van die jong takke groen. Harde reguit stingeldorings kom algemeen op die jonger takke voor. Die blomme is baie klein en is geel-groen van kleur. Dit word in digte trosse van tot 20 cm lank van Oktober tot Februarie gedra. Die rooi vruggies wat van November tot Mei gedra word, is 'n gesogde dis vir 'n verskeidenheid van voëls.

Die boom met sy digte voorkoms is ideaal vir die tuin. Afhangende van die streek is die boom immergroen of bladwisselend. Die bome floreer as hulle genoeg water kry en is droogte- en rypbestand.

**Koeniebos, Kuni-bush**:*Rhus burchelli*
Die groeivorms van *R. burchelli* (vroeër bekend as *R. undulata*) varieer van laag groeiende struike tot bome van ongeveer 5 m hoog. In die Vrystaat




Verskillende blaarvorms van die Koeniebos, *Rhus burchelli*.

wissel die groeivorm van 'n struik met 'n ronde voorkoms tot meerstammige bome. Die blare is ook, tipies van die *Rhus* spesies, drieledig en alhoewel die blaarvorms verskil, is die algemene vorm wat in die Vrystaat aangetref word 'n kleinerige blaar waarvan al drie blaartjies insnoerings op die punt het. Die jonger blare is dikwels blink en taaierig en het 'n golwende voorkoms. Die blomme is baie klein, onopvallend en word van Februarie tot April gedra. Die ewe onopvallende vrugte, wat van Maart tot Junie gedra word, se kleur wissel van groen tot rooi. Die eetbare vrugte word deur 'n verskeidenheid voëls benut.

Ondanks die effens deurmekaar voorkoms van die boom kan hy in die tuin geplant word. Die bome groei redelik vinnig en kan strawwe ryp en droogte verduur.

**Witkaree, White karee**:*Rhus pendulina*
Die witkaree (vroeër bekend as *R. viminalis)* is in die Vrystaat beperk tot rivierlope in die suidelike dele waar dit geassosieerd met die inheemse wilg *(Salix mucronata)* voorkom. *R. pendulina* word tot 10 m hoog en skep met sy neerhangende takke dieselfde indruk as 'n treurwilg *(Salix babylonica)*.



Witkaree, *Rhus pendulina*

Klein blommetjies word van September tot Januarie gedra. Die klein ronde vruggies wat rooi verkleur as hulle ryp word, word van Desember tot Mei gedra. Die blare is drie-ledig en het dieselfde voorkoms as dié van *R. lancea*.

*R. pendulina* kan maklik met die karee, *R. lancea* verwar word, maar word onderskei op grond van blaarkleur en vrugvorm. Die blare van *R. pendulina* is liggroen van kleur en die vrugte is bykans koeëlrond. Daarteenoor is die blare van *R. lancea* donker groen en die vruggies opsigtelik afgeplat.

Die boom, met sy neerhangende takke, is uiters geskik as tuinplant. Alhoewel die boom redelik bestand is teen ryp en droogte groei hy vinnig as daar baie water beskikbaar is.

Daar is ongelukkig min bekend oor die tuinboukundige aspekte van die meeste van ons inheemse plante. Dit kan hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat ons nou eers oortuig is van die sinvolheid om inheems te plant. Dit mag dus die moeite loon om bome wat in die omgewing voorkom ook in die tuin te plant. Ongelukkig is slegs enkele algemene inheemse bome by kwekerye beskikbaar. Die Botaniese Tuine van die verskillende streke kweek bome en ander plante wat in die streke aard en wat van tyd tot tyd aan die publiek beskikbaar gestel word.

Alle sketse uit PALGRAVE (1977) en PALMER & PITMAN (1973).

**BIBLIOGRAFIE**

DIREKTORAAT BOSBOU 1983. Boom van die jaar. Pamflet 304

FOX, F.W & NORWOOD YOUNG M.E 1982 *Food from the veld*. Johannesburg Delta Books.

PALGRAVE, K.C 1977. *Trees of Southern Africa*. Kaapstad: Struik

PALMER, E & PITMAN, N. 1973 *Trees of Southern Africa II*. Kaapstad A.A. Balkema.

VENTER, M.J.T. 1976 *Bome en struike van die Oranje- Vrystaat*. Bloemfontein: P.J. de Villiers.

VON BREITENBACH, F. 1974 *Suid-Kaapse bosse en bome*. Pretoria Staatsdrukker.

# PRIKKELPOP SE DOEN EN LATE

**J.P. Watson**

Haar massa is ongeveer 18 kg wat haar die grootste van al haar familielede in Afrika maak en verder is sy snags aktief. Bedags mag jy haar verras waar sy voor haar huis in die son lê. Van geselskap hou sy nie, maar verkies om alleen te wees. Dit is nie haar geaardheid om stil en besadig te wees nie, inteendeel, haar bewegings veroorsaak ratelagtige en krapperige geluide. Sy is 'n vegetariër en vleis eet sy selde of ooit en dan ook net as dit al goed beleë is met 'n maaier hier en daar. Die kos word verorber met byklanke van 'n gekraak, geknaag en 'n geklap.

Haar tuiste is in klipskeure of in gate in die grond waar vlooie en ander parasiete floreer. Die kleingoed, gewoonlik een tot drie, word in 'n tuiste met 'n grasvoering in die wêreld gebring. Tydens hulle aankoms is die klein karnallies al so goed ontwikkel dat hulle oë oop is, hulle kan rondloop en hul voortande is al ongeveer 5 mm lank. Laasgenoemde kan 'n probleem wees vir Prikkelpop, maar gelukkig weet hulle waar hulle melk vandaan kom. Die melkkliere is op haar bors, net agter die voorarms.

Aantreklik is Prikkelpop nie. 'n Man kan haar nie sonder handskoene aanpak nie en sy is in staat om haar man te kan staan. Keer haar in 'n hoek vas en raak vrypostig en vatterig, rys sy haar swart en wit, stywe, stekelagtige hare orent en maak waarskuwingsgeluide. Om dié waarskuwings te ignoreer, het pynlike gevolge.

Aantreklik is sy nie, haar gesig en tande is dié van 'n knaagdier en verder het sy 'n lang, roomkleurige snor en haar liggaamsaroma laat veel te wense oor.

*Wie is Prikkelpop? 'n Foto van haar verskyn op bladsy 24.*